LENTEDAG 5 OKTOBER 2019

Lentedag in Oktober?

Sommige van ons het dit eienaardig gevind. Bestuur het blykbaar ook so gedink en die dag Karnavaldag gedoop. Benaming is nie belangrik vir ons nie. Die dag het in elk geval beloof om heuglike gebeurtenis te wees.

Net die geleentheid om met ons familie en vriende in ‘n feestelike atmosfeer te verkeer het beloof om iets spesiaal te wees te wees.

Dis nie al nie, maar ons kon ‘n slag uit die beklemming van die kamers kom en ander inwoners ontmoet en ‘n geselsie aanknoop. Dis belangrik want sommige inwoners is nie altyd kontak met mekaar nie en leef in redelike isolasie wat natuurlik ongesond is vir die gees is.

Die program het vir almal voorsiening gemaak. Niemand sou uitgesluit word nie en as sulks was dit uniek en nodig. Die aktiwiteite het beloof om gestand te doen aan die atmosfeer.

Staproete vir inwoners in rolstoele, rolbal kompetisie, volkspele, gumboot dansers, put-put kompetisie en informele gebruik van die baan, kinderkoor vertoning, jukskei kompetisie, lentedag hoed kompetisie, biljart kompetisie en boeresport.

Die feestelike atmosfeer is verder afgerond deur musiek verskaf deur Greunen Parker en gaskunstenaars.

Die weer het ook saam gespeel alhoewel dit uitputtend warm was maar geen reën nie.

Die dag is afsluit met ‘n braai en boeremusiek.

ROLSTOEL

Die verrigtinge is afgeskop met ‘n rystoel stap en sommer kompetisie ook. Inwoners het voor die hoofingang saamgekom en die staproete binne die terrein begin. Die atmosfeer was tasbaar. Pret en opgewondenheid. Dit was heerlik om te aanskou.

Die roete was voltooi sonder insident en die wenner het nie saakgemaak nie. Met apologie aan die wenner. Die pret en die oop lug het alles oorheers.

ROLBALKOMPETISIE

Rolbal is baie gewilde spel in Fleurenville. Heidi, ons arbeidsterapeut, se entosiasme is aansteeklik. Die spel kan ook deur almal gespeel word of jy nou in ‘n rolstoel is of nie.

Derhalwe het die kompetisie groot aftrek gekry. Dit was verblydend vir ons as inwoners om te sien hoe almal met oorgawe speel, en meeding.

Baie groot opwinding en baie gelukkige gesigte.

PUT-PUT KOMPETISIE

Put-Put is een van die gewilde tydverdywe by ons. Besoekers, meesal kinders, het hulself geniet op die baan.

JUKSKEI KOMPETISIE

Dit was ‘n interresante insluiting in die program. Van die besoekers en veral die kinders was nie vertroud met die spel nie. Baie kinders het egter hulle hand gewaag en op die oog af baie geniet.

Die kompetisie het wel plaasgevind alhoewel die deelname ‘n effe teleurstelling was. Mens moet in ag neem dat etenstyd voorrang geniet het maar dit was pret, ongeag.

BILJART (Pool) KOMPETISIE

Ongelukkig kon dit nie plaasvind nie aangesien dit redelik laat op die program geskeduleer was en baie besoekers het al vertrek.

MAGALIESBERG SE KINDERKOOR

‘n Vertoning is aangebied in die Bateleur en is deur baie inwoners en besoekers bygewoon.

Die koor was van uitstaande gehalte en die betrokkenheid van die kinders gedurende die lied “The Prayer” het ‘n paar inwoners in trane gehad. Inwoners kon ook saamsing met die koorgedeelte van Jerusalem.

VOLKSPELE

Die Volkspele groep het ons vermaak met musiek en die danse het menige weggevoer in herinneringe en toe ons weer sien het ‘n hele paar inwoners die vloer gedeel met die dansers. Voorwaar prettig om te ervaar en te sien en definitief ‘n hootepunt vir baie.

Wie het gesê ons bly in ‘n Oue Tehuis? Indien julle die loslittigheid van ons mensies gesien het sal julle onmidellik die teendeel gesien het. Oue Tehuis..wat wou.

GUMBOOT DANSERS

Ons is ook vermaak met ‘n opwindende vertoning deur ‘n groep Gumboot dansers. Die ritme en die oorgawe waarmee hulle gedans het was aansteeklik. Bravo!

LENTEDAG HOED KOMPETISIE

Lekker uitdaging vir ons. Niemand was teleurgestel in die skeppings vermoë van ieder en elk. Ontwerpe was oorspronklik en het baie kleur verleen aan die tema van die dag.

Daar is voorbeelde op ons fotoblad.

Spesiale vermelding moet gemaak word van Heidi, ons arbeidsterapeut, wie leiding gegee het met die ontwerpe. Sy het dit deel gemaak van haar gereelde klasse. Die entosiasme van die inwoners moet vir jou ‘n riem onder die hart wees.

Mooi so‼

KOSSTALLETJIES

Ons kombuis was verantwoordelik vir die kosstalletjies.

Dit is in enige mens se taal ‘n groot uitdaging om vir ongeveer 480 mense kos voor te berei.

Dit was ‘n plesier om die kombuis personeel se inskakeling met die tema van die dag te beleef. Hulle was vriendelik en baie behulpsaam. Flinke diens het dit afgerond. Daar was nie lang rye van honger mense nie en die kos was warm bedien.

Die spyskaart het voorsiening gemaak vir almal se lekkerbekke. Pannekoek, kerrie en rys, ontbeende rib broodjies en wors rolletjies was van die gewildste.

Inwoners het gratis geëet want die stalletjies het die geskeduleerde middagete vervang.

Die hoof van die kombuis, Bettie, verdien spesiale vermelding. Alles is haarfyn beplan en uitgevoer onder haar wakende oog.

In gesprek onder ons mense het hulle net lof vir haar en die kombuis personeel gehad.

BRAAIVLEIS

Die dag se verrigtinge is afgesluit met met ‘n braavleis.

Besoekers was ook genooi om saam met hul geliefdes die braai te geniet. Ongelukkig het die dag se opwinding sy tol geëis en baie inwoners het toevlug gaan soek in hul kamers.

Weereens was die spyskaart van die beste gehalte en ons kon dit geniet met boeremusiek in die agtergrond verskaf deur die Craft boere orkes.

OPSOMMING

Die dag was ‘n reuse sukses en geniet deur almal.

Ongeveer 250 besoekers het die verrigtinge met ons gedeel. In gesprek met ‘n paar besoekers het hulle net lof en waardering gehad vir die geleentheid om met familie te kuier in ‘n ontspanne en feestelike atmosfeer. Ek het geen negatiewe kommentaar gehoor nie. Dit was ‘n riem onder die hart.

Die teetuin/koffietuin was beman deur personeel en het baie aftrek gekry. Lekker koek en terte het vinnig verdwyn. Dit was so besig dat dit die enigste plek was waar ek in ‘n ry moes staan [grappie]. Dit was uitstekend aangebied en hulle het definitief baie bygedra tot die feestelike atmosfeer.

Ons moet nie uit die oog verloor dat ons ook 25 stalletjies met ‘n groot verskeidenheid ware wat beskikbaar was. Alles of die meeste was tuisgemaak en het bygedra tot die kermis effek van die dag. Almal kon iets aanskaf wat hulle kon herinner aan die fees.

Ons spreek waardering uit vir die stalletjie eienaars wie die tyd en die moeite gedoen het om die dag volmaak te maak.

Laastens, maar definitief nie die minste nie, moet ons Mnr Cobus Locke, die hoof uitvoerende beampte van Fleurenville en sy bestuur en personeel wie die dag gereël het bedank en waardering uitspreek vir hulle versiendheid.

Dit het weereens bewys dat ons in goeie en omgee hande is.

Martyn Schickerling